VOETSLAANKLUB
STELLENBOSCH

NUUSBRIEF | JANUARIE 2016

---

1. ALGEMEEN

1.1 **Voetslaanklub webwerf:** www.stb-voetslaan.co.za
Facebook: ww.facebook.com/stellenboschvoetslaanklub

1.2 **Bestuur 2015/2016**

Voorsitter	Kosie Smit	021 887 2093	073 537 8809	jhs@sun.ac.za
Ondervoorsitter	Werner Mödinger	021 886 5694	076 416 7165	modinger@telkomsa.net
Sekretaresse	Annerè van Pletsen	021 888 9276	072 245 1417	annere@cpcqualicare.co.za
Tesourier	Klaus von Pressentin	021 887 2783	082 689 8102	klausvp@telkomsa.net
Addisionele lid	Linda du Toit	021 887 1548	072 107 0213	lindadt@mweb.co.za
Webwerf	Cynthia Slattery	021 882 9442	072 246 1902	slathome@sun.ac.za

1.3 **Uitstappies: Gee kennis van voorneme om saam te stap**
Elke persoon wat van voorneme is om saam te stap, moet asseblief die stapleier op die laatste die Donderdag- of Vrydagaand vóór die stap daarvan in kennis stel.

1.4 **Betalings**

- **As gevolg van hoë bankkoste, maak waar moontlik eerder van internetbetalings gebruik.**
- Betaling van ledegeld en besprekings vir naweek- en permitstappe moet direk in die klubrekening (Nedbank Spaarrekening, Takkode 107110, Rekeningnommer 2005402354) gedoen word. **Stuur asseblief 'n bewys van betaling aan die tesourier met duidelike aanwysings van jou naam en waarvoor die inbetaling gedoen is.**
- Kontant kan gebruik word om stapleiers of die tesourier vir dagstappe te betaal.
- Probeer die korrekte bedrae vir petrol- en permitgelde op dagstappe saambring.
- Lede kry voorkeur bo besoekers vir naweek- en langer stappe, maar ná die sluiting van die datum vir betaling geld die voorkeur nie meer nie. **Plekke kan dus nie vir 'n stap gereserveer word vir lede wat nie betaal het voor of op die sperdatum nie.**

1.5 **Ledegeld**
Ledegeld vir 2016 is **R130 per persoon** vir die jaar.

1.6 **Saamryfooi**
Die saamryfooi is **R1 per persoon per km**. Bestuurders van motors tydens naweek- en vyfdag-stappe kan by berekening van kostes 'n aanpassing van hierdie fooi oorweeg.

1.7 Nuwe lede

Ons verwelkom Martie Papendorf van die Strand wat by die klub aangesluit het. [Belangstellendes moet verkieslik eers 3 stappe saam met klub stap (bloot om hulself te vergewis met die groep en of húl gemaklik voel met die geselskap, uitstappies, ens.) Daarná kan hul aansoek doen om aan te sluit.]

1.8 Die volgende Bestuursvergadering

- Gee kennis aan een van die bestuurslede as jy 'n saak op die agenda geplaas wil hê.

1.9 Noodnommers (Bergredding)

- WSAR (Wildernis Search & Rescue): 021 937 0300
- Metro Ambulance: 10177
- Cape Nature: 021 483 0190
  Kontak bestuurder van reservaat waar stap plaasvind vir spesifieke noodnommer.
- Nasionale sellulêre noodnommer: 112

2. INLIGTING TEN OPSIGTE VAN AL DIE DAGUITSTAPPIES

Vertrekpunt
By die parkeerarea voor die JS Maraisgebou, Victoriastraat, Stellenbosch; regoor die Konservatorium.

Aanmeldtyd
Sien program asseblief.

Klere
Maak voorsiening vir ALLE weersomstandighede. Neem ALTYD warm klere (trui of baadjie), saam. In die winter is dit raadsaam om altyd 'n reënbaadjie in te pak.

Noodhulp
Elkeen bring sy/haar eie noodhulpbenodigdhede. Die stapleier is nie verantwoordelik om pille, salf, pleisters, ens te verskaf nie. **NB:** Onthou veral medikasie teen allergieë (bv bysteek, hooikoors ens). Die telefoonnommer van 'n naasbestaande (wat nié die stap meemaak nie en wat bereikbaar is) moet ook aan die stapleier van die dag verskaf word.

Kos ens
Elkeen voorsien sy eie eetgoed en drinkgoed vir teetyd en middagete, asook voldoende drinkwater (minimum 2 liter).

Donasie
Besoekers: **R30**

Vervoer
Vervoer kan moontlik onderling gereël word. Vir elke stap word 'n bedrag voorgestel wat passasiers kan bydra tot die brandstofkoste (sien program).

Indien ander reëlings getref word, sal dit onder die spesifieke stap genoem word.

Gradering van die moeilikheidsgraad van stappe

1	Maklike stap	A	Geen blootstelling aan hoogtes
2	Matig maar vermoeiend	B	Soms klouter op rotse, maar nie moeiliker as om 'n kort leer te klim nie
3	Veeleisende oefening	C	Matige blootstelling aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie
4	Net vir die fikses	D	Baie blootgestel aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie

Bogenoemde kan in kombinasie die moeilikheidsgraad van 'n stap aandui, bv 2A, 3B of 2D.

Permitstappe
Wanneer 'n permitstap gedoen word, beteken dit gewoonlik dat net 'n beperkte aantal persone mag stap. Daarom is dit **noodsaaklik dat jy ten minste 'n week vooraf met die aangeduide stapleier moet skakel** om seker te maak dat daar vir jou plek is op die stap (tensy 'n vroeër datum op die program verskyn).

Wanneer 'n persoon plek op 'n permit- of naweekstap bespreek, is hy/sy verantwoordelik vir die koste daarvan, tensy hy/sy iemand anders in sy/haar plek kry. Die verantwoordelikheid ten opsigte van die kostes bly dus by die staplid.

2.1 Gedragskode vir stappers

Dag-, naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van 'n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag 'n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie 'n roete sal kan voltooi nie.**
- Die stapleier moet te alle tye gehoorsaam word. Die stapleier stap voor en al die lede agter hom/haar.
- By elke stap sal 'n addisionele stapleier aangewys word wat agter stap.
- Met die oog op die stapgroep se veiligheid mag die stapleier enige tyd 'n persoon se toerusting nagaan. 'n Persoon kan weggewys word indien daar twyfel bestaan of die persoon die groep sal verontrief of in gevaar stel.
- In swak weer, soos mis en reën, moet elke stapper heeltyd bewus wees waar die persoon voor en agter hom/haar stap.
- Moenie rommel strooi nie. Neem 'n plastieksakkie saam om gebruikte snesies in te sit.
- Beskerm en bewaar die natuurlike prag van ons berge deur nie die omgewing te bemors nie. Bly op die voetpaaie en moenie kortpaaie neem nie. Onder geen omstandighede mag plante, bolle ens uit bewaringsgebiede verwyder word nie. Neem net foto's en laat net voetspore.
- Gehoorsaam die reëls en regulasies van die betrokke instansies voordat gebiede met beperkte toegang binnegegaan word.
- Wanneer die wandelpad om spesifieke redes verlaat moet word, laat 'n rugsak langs die voetpad sodat dit vir ander sigbaar is.
- Bly in verbinding met die groep; moenie afdwaal nie.
- Tree altyd bedagsaam teenoor mede-stappers op.
- Voetslaan is 'n voorreg: Moet dit nie misbruik nie.

2.2 Addisionele regulasies ten opsigte van naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van 'n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag 'n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie 'n roete sal kan voltooi nie.**
- Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.
- Stapleiers kan stapsakke voor 'n stap weeg en 'n stapper vra om die sak ligter te maak indien nodig. Hou die sak so lig moontlik. Volgens Olivier (2003:24) moet 'n volgelaaide sak nooit meer as 'n derde van liggaamsgewig weeg nie. Die ideale gewig is 20% van vroue se liggaamsgewig en 25% van mans se liggaamsgewig.
- Indien die groep groot is, kan dit met die stapleier se goedkeuring in twee opgedeel word. Die stapleier moet dan vir elke groep 'n voor- en agterstapper aandui. Gedurende teetye en middagetes moet die twee groepe bymekaarkom om seker te maak dat niemand afgedwaal het nie.

3. BELANGRIKE KENNISGEWING IVM WILD CARDS

- Daar is heelwat stappe waar die stap en/of bewaringsfooi gespaar kan word indien 'n lid oor 'n Wild Card beskik. Doen sommer vandag aansoek vir jou kaart: www.sanparks.org/wild/
- **BAIE BELANGRIK: Dit is die verantwoordelikheid van elke klublid om te sorg dat hul Wild Card geldig is VOORDAT hulle vir 'n stap bespreek waarvoor Wild Card-nommers benodig word. Indien 'n persoon se Wild Card nie opbetaal is nie, het die stapleier nie 'n ander keuse as om die volle fooi van die klublid te verhaal nie.**

4. JAARVERGADERING: SATERDAG 27 FEBRUARIE 2016

'n Afsonderlike kennisgewing sal aan lede versprei word sodra die finale reëlings getref is.

5. NAWEEK- EN LANGER STAPPE

STAP	**SENTRALE SEDERBERGE** DISA-POEL & WATERVAL, WOLFBERGSKEURE EN -BOOG, MALTESE KRUIS, LOT SE VROU & VENSTERKLIPPE & STADSAALGROTTE
DATUM	**25 – 28 Maart 2016 (Paasnaweek)**
REËLINGS	**Jaap van Wyk** (021 887 5335 / 084 240 5918 / jfvw70@gmail.com) cc asb. vir Annerè + énige verdere besprekings óf kansellasies (annere@cpcqualicare.co.za)
AANTAL	13 persone rééds bespreek soos per vroeër kennisgewing (meer mense kan akkommodeer indien daar nog belangstelling is – tot 16)
STAP- EN OORNAGKOSTE	R400 (3 staanplekke te Kromrivier vir 4 nagte @ R100 p/p per nag) Permitstappe: Wolfbergskeure & –Boog: R100; Maltese Kruis: R60 Stadsaalgrotte: R40 (Wild Card-houers: GRATIS)
RYAFSTAND	± 532 km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	± R1,064 (sien ook punt 1.6 op bl. 1 van die program)
GRADERING	Disa-poel & Waterval, Maltese Kruis, Lot se Vrou & Vensterklippe: 1A Wolfbergskeure & -Boog: 2B
Bespreking is gemaak vanaf 24 Maart, 14:00 tot 28 Maart, 10:00 (verpligtend om vir 4 nagte te boek oor 'n Paasnaweek!) Mense wat nie omgee vir die Paasverkeer nie en nie werksverpligtinge het nie, kan dus reeds Donderdagmiddag vanaf 14:00 'inboek'. Die res van die geselskap sal Vrydagoggend vroeg vertrek. Vier mense per staanplek (maksimum is 8) Jy span dus uit in jou kampvoertuig, tentjie, of sommer nét so… onder die maan en sterre, op 'jou stukkie' van die staanplek. Kromrivier het ook 'n teetuin en restaurantjie - daar is ontbyt en ligte maaltye beskikbaar.	

REËLINGS		RY	STAP
Donderdag óf Vrydag (vroeg)	Ry na Kromrivier via Ceres	231km	
alternatief	*Ry na Kromrivier via Citrusdal*	*248km*	
Vrydag vroegoggend	Disa-poel & Waterval	8km	9km
Vrydag laatmiddag	Stadsaalgrotte	12km	
Saterdag	Wolfbergskeure & -Boog	19km	12km
Sondag	Maltese Kruis & Vensterklippe	29km	7km
	Lot se Vrou	2km	4km

		70km	
Totaal		**532km**	**32km**

STAP	**KHOMAS HOCHLAND WANDELPAD, NAMIBIË**
DATUM	**23–28 April 2016**
REËLINGS	**Kosie Smit** (021 887 2093 / 073 537 8809 / jhs@sun.ac.za)
BESPREKING	Bespreking is vir 12 persone gedoen en is reeds volbespreek soos per vroeër kennisgewing.
AANTAL	12 persone
STAP- EN OORNAGKOSTE	R1,950 pp (Deposito van R390 voor 25 September 2015. Res van bedrag teen 23 Maart 2016.) Dit sluit vervoer van bagasie, akkommodasie en middag- en aandetes in.
RYAFSTAND	Stellenbosch na Windhoek en terug
BRANDSTOF BYDRAE	Sien punt 1.6 op bl. 1 van die program
STAPAFSTANDE	**22 April:** Reis na Windhoek
	Die lang afstande vereis 'n sekere vlak van fiksheid, maar die 'slackpacking'-opsie behoort te help dat dit nie te veeleisend is nie.
	Dag 1: 15km Begin op Düsternbrook Gasteplaas en volg die Otjiseva-rivier op Otjiseva-plaas, dan berg op tot by oornagplek Gustav Posten
	Dag 2: 8 km Volg rivierbedding en teen Klippekou Klim opdraende tot by Bobbejaankop
	Dag 3: 21km Op en af oor bulte en valleie, deur Lovebird Gorge en tot by oornagkamp onderkant Sundowner Hill.
	Dag 4: **16km** In Otjompaue vallei tot by Onduno-plaas en weer by dag 2 se kampplek
	Dag 5: 15 km Bereik hoogte van 2000 m bo seevlak en sien Windhoek in verte. Met lere af teen 'n waterval en eindig by lieflike boomhuis.
	Dag 6: 14 km Stap van Monte Christo deur Otjiseva terug tot by Düsternbrook
	29 April: Terugreis na RSA

STAP	**KAROO ERDVARK: 5-DAG ROETE, BEAUFORT-WES**
DATUM	**16-21 Junie 2016**
REËLINGS	**Linda du Toit** (072 1070213 sms / lindadt@mweb.co.za) 'n Skrywe sal vroeg in 2016, wanneer die pryse ontvang word, deurgegee word aan lede. Besluite kan dan geneem word t.o.v. belangstelling
AANTAL	12 persone
STAP- EN OORNAGKOSTE	Bedrae sal vroeg in 2016 beskikbaar wees. Betaling van 50% deposito moet teen Maart 2016 betaal word.
RYAFSTAND	450 km x 2
STAPAFSTAND	**Dag 1:** Stap vanaf Bo-plaas na Middelplaas: 12 km - Gradering 3C
	Dag 2: Stap vanaf Middelplaas na Arendsnes: 12 km - Gradering 2B
	Dag 3: Stap vanaf Arendsnes na Grootdroom: 16 km - Gradering 3C
	Dag 4: Stap vanaf Grootdroom na Bo-plaas: 16 km - Gradering 3B

	Dag 5: Stap sirkelroetes op Bo-plaas, Die Aar 8km en Piekniekval 8 km - Gradering 2B
Hierdie is 'n splinternuwe 5-dag staproete in die Karoo. Die van ons wat al dele daarvan gestap het kan nie wag om die hele roete te stap nie. Ons vertrek Woensdagmiddag na Rooiheuwel-plaas in die Nuweveldberge, 80 km wes van Beaufort-Wes. Ons oornag in goedtoegeruste plaashuise op Boplaas asook op Middelplaas. By Grootdroom oornag ons in 'n berg'chalet', wat ook oor al die nodige geriewe beskik. By Arendsnes is daar slegs 'n staalstruktuur met 'n dak op en stappers neem gewoonlik tente saam om daar te oornag. Omdat bagasie vervoer word dra stappers slégs dagsakke en kan daar in die yskoue Karoo-nagte gesellig om 'n braaivleisvuur gekuier word. Stappers kan vooraf reël vir Karoo-lam op Bo-Plaas.	

STAP	**OORLOGSKLOOF EN ANDER ROETES, NIEUWOUDTVILLE**
DATUM	**2-6 Julie 2016**
REËLINGS	**Linda du Toit** (072 107 0213 sms / lindadt@mweb.co.za)
BESPREKING	Bespreking is gedoen en is reeds volbespreek soos per vroeër kennisgewing.
AANTAL	8 persone
STAP- EN OORNAGKOSTE	R30 pp per dag (Oorlogskloof) / R9,200 vir 8 persone vir 4 nagte
RYAFSTAND	360 km x 2 (Nieuwoudtville, tot DeLande gastehuis en terug)
STAPAFSTAND	Saterdag: 2C, Sondag: 2B
	Oorlogskloof: Luiperdshok roete: 15km (6-9 uur)
	Rietvlei roete: 18km (8-10 uur)
	Papkuilsfontein: Stap na die waterval: 12 km (daar is ook korter en ander langer roetes)
Ons vertrek Saterdagoggend vanaf Stellenbosch na De Lande selfsorg gastehuis in die Nieuwoudtville distrik. Die middag kan ons van die korter staproetes op die plaas Papkuilsfontein verken. Die gastehuis is ten volle toegerus, lakens, handdoeke en kombuis. Die Sondag en Maandag ry ons na Oorlogskloof reservaat en stap ons elke dag 'n roete. Na die dag se stap keer ons terug na die gastehuis en kuier gesellig in die aande om 'n braaivleisvuur na 'n warm stort of bad. Daar kan ook 'n twee- of driegangmaaltyd bestel word indien stappers nie lus voel vir selfsorg nie. Papkuilsfontein is deel van die "Slow Food" beweging. Dinsdag stap ons 12 km op Papkuilsfontein voordat ons die Woensdagoggend terugkeer na Stellenbosch. Meer inligting: www.papkuilsfontein.com	

6. DAGSTAPPE

STAP	**MUIZENBERG NA VISHOEK, TERUG MET TREIN**
DATUM	**Saterdag 9 Januarie 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Fay Pistorius** (021 854 5959 saans / 078 370 2269 / fpistorius@pvallei.co.za)
TOEGANGSGELD	Geen, maar treinkaartjie R10.50
RYAFSTAND	45km
BRANDSTOF BYDRAE	R90
STAPAFSTAND	± 8km
GRADERING	2A
AANMELDTYD	07:15
VERTREKTYD	07:30
We start just east of Muizenberg and walk along a stretch of sandy beach which is ideal for shell hunting. Bordering the beach is the well-maintained 19th century train station with its fine shingled clock tower, and on the other side of the road is De Post Huis (1673), the oldest surviving house in the country. We walk past Rhodes Cottage Museum where Cecil John Rhodes died. We will pop in for a 15 minute video. Admission is free, but there is a box for	

donations. We walk past a number of inviting tidal pools, so bring costumes! Close to Kalk Bay Harbour we might be tempted to add an extra 4 kms to our hike by going up Echo Valley into the Silvermine Nature Reserve and visiting Boomslang Cave. Bring a torch just in case. There are plenty of inviting fish and chips shops and ice-cream parlours along the route – bring extra money with!

STAP	**WOLWEKLOOF (FRANSCHHOEK)**
DATUM	**Saterdag 16 Januarie 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Willie Huggett** (021 876 2490 / 083 453 9191 / huggett@netactive.co.za)
AANTAL	**Hierdie is 'n permitstap vir 12 persone.**
TOEGANGSGELD	R10
RYAFSTAND	30km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R60
STAPAFSTAND	9km
GRADERING	± 2B
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
Hierdie is 'n rustige stap oor die rotse, verby verskeie poele in die rivier en dan op tot by 'n pragtige waterval. 'n Luilekker swemstap, maar nié vir persone wat nie regkom met 'boulder hopping' nie. **BRING SWEMKLERE SAAM!**	

STAP	**PALMIETRIVIER, (KOGELBERG) KLEINMOND**
DATUM	**Saterdag 23 Januarie 2016**
STAPLEIER	**Cynthia Slattery** (021 882 9442 / 072 246 1902 / slathome@sun.ac.za)
TOEGANGSGELD	R40 / geldige Wild Card
RYAFSTAND	65km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R130
STAPAFSTAND	± 10 km
GRADERING	2B
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
Ons stap van die kantoor by Oudebosch af, al langs die Palmietrivier, tot waar die Palmietrivier by die Louws- en Dwarsriviere aansluit. Ons keer dan terug langs dieselfde roete. Hierdie is 'n rustige stap. **HELDERBLOU POELE NOODSAAK DIE SAAMBRING VAN SWEMKLERE!**	

STAP	**GROOT HANGKLIP (PRINGLEBAAI)** *Terug op versoek – verlede semester afgestel weens weersomstandighede.*
DATUM	**Saterdag 30 Januarie 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Werner Mödinger** (021 886 5694 / 076 416 7165 / modinger@telkomsa.net)
TOEGANGSGELD	
RYAFSTAND	65km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R130
STAPAFSTAND	± 9km

GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:15
VERTREKTYD	07:30 of 08:45 in Pringlebaai by beginpunt van Hangkliproete

Onthou asb. om flitse of koplampe saam te bring vir die grotte. Hierdie is 'n redelike rustige stap - die stap begin by Pringlebaai en volg die vallei op. Na omtrent 2 km draai ons na regs en dan word dit steiler. Omtrent halfpad op draai ons af na die vlermuisgrotte en die Feetjiewoud. Na 'n lekker rus onder die Melkhoutbome klim ons Hangklip op en geniet die uitsig oor die see tot by Kaappunt en Hermanus. Stappers behoort so tussen ± 15:00 – 16:00 terug te wees by motors in Pringlebaai.

STAP	**BOEGOEKLOOF, NUWEBERG-BOSBOUSTASIE**
DATUM	**Saterdag 6 Februarie 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Kosie Smit** (021 887 2093 saans / 073 537 8809 / jhs@sun.ac.za) **Bespreek asb. vóór of op 1 Februarie.**
AANTAL	Hierdie is 'n permitstap vir 12 persone.
TOEGANGSGELD	Permitkoste / geldige Wild Card
RYAFSTAND	65km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R130
STAPAFSTAND	± 17km
GRADERING	2B
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15

Ons stap van die Nuweberg-Staatsbosboustasie af deur pragtige fynbos verby Eensbedrogen-pilaar wat waghou oor die Eensbedrogen-poel in die Riviersonderend-bergreeks. Hier vertoef ons vir teetyd terwyl ons ons verlustig in die berge wat om ons vou. Dan stap ons verder totdat ons Boegoekloof bereik. Ons stap eers al langs die westelike oewer van die rivier en kruis die rivier 'n paar keer totdat ons die pragtige waterval bereik wat in die Dwarsbergpoel na benede stort. Hier vertoef ons vir middagete terwyl ons heerlik in die koel water ontspan voordat ons weer terugkeer. **BRING ASB SWEMKLERE SAAM!**

STAP	**TAFELBERG: CONSTANTIANEK – 'AQUADUCT', DISA STAP**
DATUM	**Saterdag 13 Februarie 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Alet Louw** (021 461 1649 / 073 689 5752 / alettamail@gmail.com)
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	60km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R120
STAPAFSTAND	16km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	06:00
VERTREKTYD	06:15

LET ASB. OP VROEËR VERTREKTYD. Ons stap 07:00 van Constantianek af tot bo-op die plato. Ons stap dan al met die rand van die berg langs tot by die ou Watervoor.(Aquaduct) Hier verkyk ons ons aan die pragtige disas voordat ons met die kloof afstap tot by die damme.en dan met die sementpad af tot by Constantianek. Ons behoort 15:00 by die voertuie te wees.

STAP	**SWARTKOP NA SMITSWINKELBAAI, SIMONSTAD**
DATUM	**Saterdag 20 Februarie 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Louise van der Merwe** (021 880 1875 / 082 492 4293 / louisevdm4@gmail.com)
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	90km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R180
STAPAFSTAND	± 12km
GRADERING	2B
AANMELDTYD	07:30
VERTREKTYD	07:45
Die stap begin by die parkeerplek, net voor Palmietkampeerterrein. Dan links op, stap dan tot by die Palmietrivier en dan langs die oewer op tot by die brug. Ons gaan oor die brug en dan langs die wes-oewer af see se kant toe en terug met 'n gedeeltelike sirkelpad, weer tot by die beginpunt. Dit is 'n redelike gemaklike pad, maar die terrein is soms 'n bietjie moeilik, dus is redelike fiksheid nodig. Die stap sal ongeveer 6 uur duur.	

STAP	**ALGEMENE JAARVERGADERING**
DATUM	**Saterdag 27 Februarie 2016**

STAP	**KLEINMOND (OOS-OEWER > WES-OEWER)**
DATUM	**Saterdag 5 Maart 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Maryna Loubser** (028 271 3244 / 084 548 2864 / maryna.loubser@gmail.com)
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	90km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R180
STAPAFSTAND	± 12km
GRADERING	2B
AANMELDTYD	07:30
VERTREKTYD	07:45
Die stap begin by die parkeerplek, net voor Palmietkampeerterrein. Dan links op, stap dan tot by die Palmietrivier en dan langs die oewer op tot by die brug. Ons gaan oor die brug en dan langs die wes-oewer af see se kant toe en terug met 'n gedeeltelike sirkelpad, weer tot by die beginpunt. Dit is 'n redelike gemaklike pad, maar die terrein is soms 'n bietjie moeilik, dus is redelike fiksheid nodig. Die stap sal ongeveer 6 uur duur.	

STAP	**EIKEHOF MET 'N WYNPROE (FRANSCHHOEK)**
DATUM	**Saterdag 12 Maart 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Willie Huggett** (021 876 2490 / 083 453 9191 / huggett@netactive.co.za)
TOEGANGSGELD	R30 vir wynproe
RYAFSTAND	28km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R56
STAPAFSTAND	13km
GRADERING	2B

AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
Ons stap op die plaas Eikehof van die Malherbe-familie, in die rigting van die Wemmershoekdam. Die voetpad begin bokant perskeboorde en styg geleidelik terwyl die uitsigte oor Simonsberg en die Drakenstein-berge al mooier word. Na 'n hoogtetjie, daal ons 'n bietjie en dan stap ons 'n lang ent op 'n plato, terwyl 'n stroompie aan ons regterkant kabbel, en daar gewoonlik 'n verskeidenheid blomme te sien is. Daar is dan 'n klim tot op die koppie en 'n pragtige uitsig oor die Wemmershoekdam en die berge in die rigting van Paarl. Die terugtog gaan met 'n lang draai aan die anderkant van die stroom en dan af met dieselfde paadjie tot by ons 'wynproe' (R30 pp) in 'n antieke lokaal op Eikehof. Staptyd ongeveer 4 – 5 uur.	

STAP	**KIRSTENBOSCH BOTANIESE TUIN**
DATUM	**Saterdag 19 Maart 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Corene Myburgh** (021 887 0470 / 082 896 0187 / corene@adept.co.za)
TOEGANGSGELD	R50
RYAFSTAND	55km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R110
STAPAFSTAND	± 10km
GRADERING	1A
AANMELDTYD	07:15
VERTREKTYD	07:30
Die Kirstenbosch Botaniese Tuin is reeds ouer as 'n 100 jaar & word beskou as 'die móóiste tuin in Afrika'. Cecil John Rhodes het die grond aan die destydse Kaapse regering nagelaat en in Mei 1913 het die regering besluit om die stuk grond in 'n botaniese tuin te ontwikkel. Die Botaniese Vereniging is die volgende maand gestig met Harold Pearson as die eerste direkteur, en op 1 Julie 1913 het die Kaap se botaniese tuin amptelik 'n werklikheid geword. Vanjaar kuier ons in die vroegherfs & kyk wat die tuin bied. Ons kan ook die nuwe boomslang-roete bo-oor die tuin in ons roete insluit. Daar is ook genoeg tyd vir die neem van foto's. **Ons beplan 'n piekniek nadat ons die tuin deurkruis het. Bring dus jou piekniekmandjie & –kombers saam!**	

STAP	**'GIANT'S WASHBASIN', GRABOUW**
DATUM	**Saterdag 2 April 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Fay Pistorius** (021 854 5959 saans / 078 370 2269 / faypistorius@gmail.com)
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	65km x2
BRANDSTOF BYDRAE	R130
STAPAFSTAND	± 11km
GRADERING	2A
AANMELDTYD	07:15
VERTREKTYD	07:30
We park our cars at the entrance to the Elgin/Grabouw Country Club and walk to where the Wesselsgat River enters into the Eikenhof dam. We continue along the Eikenhof Dam to the Keeroms River Valley and walk up it to the spectacular Giants Washbasin Waterfall; so bring costumes! Here we will picnic and swim before returning to our cars after popping in at the Country Club.	

STAP	**'THREE FIRS', TAFELBERG**
DATUM	**Saterdag 9 April 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Alet Louw** (021 461 1649 / 073 689 5752 / alettamail@gmail.com)
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	60km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R120
STAPAFSTAND	7km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
Ons stap om 08:00 vanaf die hek by Theresalaan ('n skets wat aandui hoe om van Kloofnek na Theresalaan te ry, sal voorsien word) en volg dan die pypleiding tot by 'Three Firs' se bak, kort voor Slangolie se ravyn. Ons klim op met hierdie skilderagtige roete tot by die bedelhondjie, 'Saucy Dog', en daarna terug na die pyplyn via die boomryke 'Woody' ravyn. Ons behoort 14:00 se kant terug te wees by voertuie.	

STAP	**'PURGATORY', FRANSCHHOEK**
DATUM	**Saterdag 16 April 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Willie Huggett** (021 876 2490 / 083 453 9191 / huggett@netactive.co.za)
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	30km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R60
STAPAFSTAND	± 19km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
Dié pad is die laaste gedeelte van die ou Boland wandelpad en begin by die Jan Joubertsgat brug op die Franschhoek pas. Ons begin dadelik opdraand stap en doen die naam gestand totdat ons die kruin van die berg bereik en word beloon met prágtige uitsigte oor die Theewaterskloofdam en Franschhoek. Dan daal ons af na die waterkant vanwaar ons weer op dieselfde paadjie terugkeer. Verwag 'n bietjie van 'n toegegroeide pad omdat hy min gestap word. Dit sal 'n lang dag wees en stapfiksheid is noodsaaklik.	

STAP	**KAAIMANSGAT, VILLIERSDORP**
DATUM	**Saterdag 7 Mei 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Hans Knoetze** (028 316 3906 / 082 554 1254 / hk1@remgro.com)
	Hierdie is 'n stap vir slégs 15 persone. Bespreek asb. vóór of op 23 April
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	70km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R140
STAPAFSTAND	± 12km
GRADERING	2B
AANMELDTYD	06:45

VERTREKTYD	07:45
Slegs 15 persone kan die stap meemaak. Die stap begin tussen die vrugteboorde waarna dit wegdraai tussen fynbos en protea-rante. Ons stap heeltyd met 'n 4 x 4 pad tot by die kamparea waar ons kan ontspan vir 'n paar minute. Vanaf die kampplek tot by die nek (op in die kloof) is dit ongeveer 1 ½ km waar daar middagete geniet kan word voordat ons die pad terug neem motors toe.	

STAP	**HELDERBERG-KOEPEL (DIE 'DOME')**
DATUM	**Saterdag 14 Mei 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Louise van der Merwe** (021 880 1875 / 082 492 4293 / louisevdm4@gmail.com)
TOEGANGSGELD	Voertuig: R10 / Persoon: R20 (bo 60, R10)
RYAFSTAND	20km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R40
STAPAFSTAND	15km
GRADERING	3C
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
Ons stap deur die Helderberg-natuurtuin tot by Disa-kloof en daarvandaan klim ons teen Porcupine Buttress uit tot by die nek tussen Wespiek en Sentraalpiek. Hier wag 'n pragtige uitsig oor die Hottentots Holland-kom aan die een kant en die Stellenbosch-vallei aan die ander kant, voordat ons verby die Sentraalpiek stap tot aan die voet van die Dome. Vandaar is dit net so 'n hupstoot voordat ons die 1,137 m kruin bereik, vanwaar die mooiste uitsig denkbaar ons begroet. Hierdie stap vereis fiksheid – dit is 'n redelike steil roete wat uitdagend kan wees vir minder fiks persone. Dit is 'n 8 – 9 uur stap en daar is ongelukkig nie onbeperkte tyd vir die neem van foto's nie.	

STAP	**ENGELSE FORT (FRANSCHHOEK-OMGEWING)**
DATUM	**Saterdag 21 Mei 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Willie Huggett** (021 876 2490 / 083 453 9191 / huggett@netactive.co.za)
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	28km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R56
STAPAFSTAND	± 14km
GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
Hierdie pad is taamlik toegegroei en begin by dieselfde plek as die Bergriviernek stap, maar gaan in die rigting van die Theewaterskloofdam. Ons 'bundubash' 'n bietjie al langs 'n stroompie totdat ons n goeie paadjie bereik tot op Forts-nek (Willie sal ons hier met interessante geskiedenis toelig…) Pragtige uitsigte oor die dam en mooie Franschhoek begroet stappers hier. Dit is 'n redelike ent se stap en fiksheid is belangrik.	

STAP	**SILWERFONTEIN, GOUDA**
DATUM	**Saterdag 28 Mei 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Linda du Toit** (072 107 0213 sms / lindadt@mweb.co.za) Hierdie is 'n permitstap. Bespreek met betaling teen 3 Mei.
TOEGANGSGELD	R40

RYAFSTAND	100km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R200
STAPAFSTAND	15km
GRADERING	2B
AANMELDTYD	06:45
VERTREKTYD	07:00
Ons volg 'n sirkelroete oor die Voëlvleiberge. Die stap begin deur 'n bloekombos, maar verander vining en ons stap met 'n klofie langs tot by die Saal (604m). Langs die paadjie is besonderse fynbos en rotsformasies te sien. Die roete lei tot 'n grot aan die basis van Ontongskop (815m) waar stappers kan oornag indien die roete oor twee dae gestap word. Ons stap verder tot op die kop vanwaar daar 'n besonderse uitsig op die Voëlvleidam en die omliggende berge is. Die terugroete lei oor Beacon-piek voordat ons diagonal deur fynbos en klowe met die kontoerpad terug na die motors keer. Ons behoort teen 16:00 terug by die motors te wees. Vir 'n kaart van die roete asook foto's besoek: www.silwerfontein.co.za	

STAP	**KLIPSPRINGERROETE, JONKERSHOEK** *Terug op versoek – verlede semester afgestel weens weersomstandighede*
DATUM	**Saterdag 4 Junie 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Jaap van Wyk** (021 887 5335 / 084 240 5918 / jfvw70@gmail.com)
TOEGANGSGELD	R50.00 / geldige Wildcard
RYAFSTAND	15km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R30
STAPAFSTAND	10km
GRADERING	3D
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
Hierdie stap is 'n 3D: 'Blootstelling en amper rotsklim' en dus nét vir die wat gemaklik is met hoogtes; persone met hoogtevrees moet liefs nie hierdie stap doen nie. Ons stap met Swartboskloof op tot by die rusplek by die stroompie onder die bome. Dan verlaat ons die paadjie en begin klouter teen die steilte uit (blootgestel en amper rotsklim), verby die punt waar die klipspringer vir ons oor die rant loer, totdat ons op die plato kom, aan die bo-loop van Eerste waterval se stroompie. Hier draai ons regs en stap dan met die breë kloof langs totdat ons by Pic-Sans-Nom weer in die voetpaadjie kom. Nadat ons die pragtige uitsig oor Valsbaai geniet het, keer ons met Swartboskloof terug na ons beginpunt. Staptyd is ongeveer 5 uur.	

STAP	**SOSYSKLOOF, JONKERSHOEK**
DATUM	**Saterdag 11 Junie 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Cynthia Slattery** (021 882 9442 / 072 246 1902 / slathome@sun.ac.za)
TOEGANGSGELD	R50 of geldige Wild Card
RYAFSTAND	15km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R30
STAPAFSTAND	± 9km
GRADERING	2A
AANMELDTYD	07:45
VERTREKTYD	08:00

Ons stap met Swartboskloof op tot by die kontoerpad wat ons na Sosyskloof neem. Met die kontoerpad stap ons tot by die uitkyk-huisie en kom dan met Sosyskloof af. Hierdie is 'n rustige stap.

STAP	**NOORDHOEK- EN CHAPMANSPIEKE**
DATUM	**Saterdag 25 Junie 2016**
BESPREEK BY STAPLEIER	**Jaap van Wyk** (021 887 5335 / 084 240 5918 / jfvw70@gmail.com)
TOEGANGSGELD	Geen
RYAFSTAND	73km x 2
BRANDSTOF BYDRAE	R150
STAPAFSTAND	16km (± 8 ure)
GRADERING	3B
AANMELDTYD	07:00
VERTREKTYD	07:15
Die stap begin by die Tolhek van die Chapmanspiek-rylaan en gaan dan verby 'n ou mangaanmyn in Blackburn Ravine op. Van die bopunt van Blackburn Ravine gaan die stap oor Noordhoekpiek (740m; klimhoogte 720m) en sak dan af na die saal tussen Noordhoekpiek en Chapmanspiek. Ná die klim na Chapmanspiek (560m; klimhoogte 240m) gaan die roete af na die teerpad en terug na die tolhek. Die stap bied pragtige uitsigte oor Houtbaai en Kommetjie. Ons behoort teen 17:00 terug te wees.	

VEILIGE & VREUGDEVOLLE stappe aan elkeen...

Groete
Die Bestuur